



HOËRSKOOL BEN VILJOEN

www.benviljoen.co.za

1 JULIE 2020

Liewe ouers

Ons sien baie uit daarna om die graad 11-leerlinge Maandag terug by die skool te hê! Ons hoop dat dit met elkeen goed gaan en dat ieder en elk sterk staan in hierdie uitdagende tye.

'n Paar praktiese reëlings met betrekking tot die graad 11-leerlinge se terugkeer:

Graad 11-leerlinge kan Maandag, 6 Julie 2020, tussen 06:30 en 07:00 aanmeld by die skool, en die graad 10-leerlinge kan Donderdag, 9 Julie 2020, tussen 06:30 en 07:00 aanmeld. Die hekke sluit 07:05 en dan sal hulle ongelukkig nie meer toegang kan kry nie. Ingang is slegs by die gymnasiumhek. 'n Aflaaisone is duidelik gemerk waar mnr. Snyman en mnr. Truter hulle sal ontvang. Die persoon wat die leerling/leerlinge aflaai, gaan dan oor die bruggie ry en deur die hoofhek die terrein verlaat.

Indien leerlinge 'n wettige lisensie het en self ry, moet hulle onder die bome tussen die gymnasium en die D-rugbyveld parkeer. Nadat hulle geskandeer is, beweeg hulle na die vierkant waar ons gaan open en verdere instruksies gaan deurgee. Neem kennis dat alle skoolreëls steeds geld.

Leerlinge word gemaan om te kyk na die Covid-19 video op sosiale media (Facebook en Youtube) en hulself te verwittig met die stappe en prosedure.

ONTHOU: Leerders moet ten alle tye 'n masker dra, hande saniteer en 'n 1.5m sosiale afstand hou. Geen 'buffs' of skerms word toegelaat nie.

Indien leerlinge siek/koorsig is, word u gemaan om hulle by die huis te hou. Indien 'n leerling COVID-19 simptome toon of in aanraking was met iemand wat die virus onder lede het, moet dit skriftelik gekommunikeer word aan die skool. Die leerling mag, nadat hy/sy simptome getoon het, slegs na 14 dae terugkeer skool toe met 'n doktersbrief soos per regulasie vanaf die Departement van Gesondheid.

Die kafeteria gesluit is tydens hierdie tyd. Elke leerling moet sy/haar eie eet- en drinkgoed saambring.

Die kleedkamers word 'n paar keer per dag ontsmet. Slegs 10 persone word op 'n tyd binne toegelaat. Elke leerling gaan 'n pennetjie ontvang wanneer hy/sy ingaan, wat daarna in ontsmettingsmiddel gegooi gaan word wanneer hy/sy die kleedkamer verlaat. Dit is om die getalle te kan beheer.

Maandag word daar begin met **Dag 3**. Gr 11's het klas op Maandae, Dinsdae en Woensdae. Die skool verdaag op 'n Maandag om 13:00, maar verdaag Dinsdae en Woensdae om 13:30. Wanneer die skool in die middag verdaag, gaan leerlinge weer van die rugbyveld af moet vertrek. Tref alle vervoerreëlings so dat leerders die



HOËRSKOOL BEN VILJOEN

www.benviljoen.co.za

terrein direk na skool verlaat. Koshuisleerlinge moet direk na skool na die koshuise beweeg.

Die rekordeksamen rooster vir graad 12-leerlinge is nou beskikbaar. Sien aangeheg by hierdie skrywe.

Al hierdie reëlings het net een doel voor oë: om die leerlinge en almal om hulle veilig te hou. Die enigste doel vir die res van die jaar, is om veilig te bly en die beste akademiese uitslae moontlik te verwerf.

Vriendelike groete,

A. Swaters
SKOOLHOOF/ PRINCIPAL